Kloofstraat 52 Kaapstad 8001
Epos: ontvangs@jvrprim.co.za
Tel: 021 423 4209
Skoolhoof: JH Oosthuizen
Faks: 021 423 4210 / 424 2375
Webtuiste: www.jvrprim.co.za

# BOELIEBELEID

Laerskool Jan van Riebeeck verwag van sy leerders om op so ʼn manier op te tree dat hul gedrag en ingesteldheid altyd positief ten opsigte van hulself en mekaar sal wees. Die leerders se gedrag mag nie lei tot verleentheid nie en mag ook nie die skool se naam in oneer bring nie. Leerders moet te alle tye integriteit aan die dag lê. Die skool verwag dat selfbeheersing en verdraagsaamheid alle verhoudings binne die skoolopset sal kenmerk.

Die dissiplinêre kode bepaal uitdruklik dat Laerskool Jan van Riebeeck geen vorm van afknouery sal duld nie. Sulke gedrag sluit in:

- ***Kwaadwillige tergery en kuberkarnuffelry, insluitend die verspreiding van kwetsende of krenkende informasie via multi-media bv. selfone, internet, ens.;***
- ***Aanstootlike, beledigende, vernederende, rassistiese, xenofobiese, seksistiese of onbeskofte gedrag;***
- ***Obsene, onwelvoeglike of seksueel eksplisiete gedrag of gebare, of pogings om ongewensde fisieke kontak te bewerkstellig;***
- ***Vloekery en vulgêre taalgebruik;***
- ***Die doelbewuste uitsluiting van mense;***
- ***Fisieke, verbale en sielkundige afknouery;***
- ***Enige bende-tipe aktiwiteite wat die veiligheid of welstand van ander leerders aantas***.

Indien enige van bostaande oorskrydings plaasvind wat formele dissiplinêre optrede vereis, sal die betrokke onderwyser die proses in werking stel deur die geval by die Boeliekomitee aan te meld. Hierdie proses sal die volgende stappe behels:

1. Een van die boeliekomitee lede / personeel sal 'n individuele gesprek met die leerder wat geboelie word voer om uit te vind wat die situasie behels. Daar sal deurgaans aantekeninge deur die onderwyser gemaak word vir latere verwysing.
2. Die onderwyser sal ook 'n konfidensiële gesprek met die leerder / leerders wat boelie, voer. Indien die onderwyser dit nodig vind, sal 'n tweede onderwyser teenwoordig wees tydens hierdie gesprek.
3. Alle partye sal tydens die vergadering gevra word vir hulp om sodoende spanning en angstigheid by die leerder wat geboelie word te verminder.
4. 'n Opvolgdatum sal vasgestel word om beide die leerder wat geboelie word, sowel as die leerder wat boelie, se vordering te monitor.
5. Indien daar nie voldoende vordering by beide partye is nie, sal die onderwyser genoodsaak wees om die ouers van beide partye te betrek. Die skoolhoof sal ook teenwoordig wees tydens hierdie vergadering.
6. Dissiplinêre stappe teen die boelie mag insluit die ontneming van pouses of ander opwindende aktiwiteite.
7. In die geval van 'n ernstige saak, behou die Beheerliggaam die reg voor om die boelie vir 'n bepaalde tydperk (maksimum van vyf skooldae) uit Laerskool Jan van Riebeeck te skors.

Kloofstraat 52 Kaapstad 8001
Epos: ontvangs@jvrprim.co.za
Tel: 021 423 4209
Skoolhoof: JH Oosthuizen
Faks: 021 423 4210 / 424 2375
Webtuiste: www.jvrprim.co.za

Die beheerliggaam en personeel is geregtig daarop om dissiplinêre aksie te neem wat volgens hul oordeel geskik is in die omstandighede. Die hewigheid van die optrede sal afhang van die erns van die geval en sal teen die boelie geneem word in terme van Laerskool Jan van Riebeeck se formele gedragskode.

Beleid opgestel: September 2013
Beleid hersien: September 2017

Kloofstraat 52 Kaapstad 8001 Tel: 021 423 4209 Faks: 021 423 4210 / 424 2375
Epos: ontvangs@jvrprim.co.za Webtuiste: www.jvrprim.co.za
Skoolhoof: JH Oosthuizen

# BOELIEBELEIDOOREENKOMS

**<u>Ouerooreenkoms</u>**

Ek/ons/Mnr/Me ……………………………………………, ouers/voogde van ………………………………., Identiteitsnommer ………………………….. bevestig dat ons die bepalings van Laerskool Jan van Riebeeck se Boeliebeleid gelees, verstaan en aanvaar het. Ek/ons stem toe dat dissiplinêre aksie teen my/ons kind geneem mag word indien enige van bostaande oorskrydings deur hom/haar geïnisieer word.

Geteken te ……………………………….. op hierdie …… dag van ……………… .

……………………………………..

**<u>Leerderooreenkoms</u>**

Ek, ………………………………….., bevestig dat ek die bepalings van Laerskool Jan van Riebeeck se Boeliebeid gelees het en dit verstaan en aanvaar. Ek erken dat dissiplinêre aksie teen my ingestel kan word indien ek enige van bostaande oorskrydings pleeg of daartoe aanleiding gee.

Geteken te ……………………………… op hierdie ………. dag van …………………

………………………

Leerder

………………………

Graad